NG GEMEENTE BETHLEHEM-OOS
VAKATURE: VOLTYDSE MEDELERAAR

Gemeenteprofiel: Bethlehem-Oos is ‘n dinamiese gemeente in die Oos-Vrystaat. Tans word 899 lidmate, waarvan 183 dooplidmate is, bedien. Die gemeente funksioneer sterk vanuit die eredienste met die fokus op lof en aanbidding. Hierdie is ‘n volwaardige/selfstandige medeleraarspos. Bethlehem beskik oor ongelooflike skole, sowel as baie goeie mediese fasiliteite (Mediclinic/Corona).

Leraarsprofiel:

- ‘n Passie vir die Here, sy Koningkryk en kerk, met spesifieke fokus om die jeug te inspireer, te mobiliseer en toe te rus.
- Teologies-verantwoordbaar en ‘n dinamiese prediker.
- Meewerk aan die uitbou van die gemeente se roeping en die jeug kan bemagtig.
- 35 Jaar of jonger, maar dit sal nie die aansoek beïnvloed nie.

Verantwoordelikhede:

- Die jeug wissel van 0 tot 35 jaar. Verantwoordelikhede sal ook die Kinderkerk, kategese vir laer- en hoërskoolkinders en naskoolse bediening aan jong volwassenes insluit.
- ‘n Aangename persoonlikheid wat goed in spanverband kan saamwerk en goeie verhoudinge nastreef.
- Moet musiekbediening kan uitbrei en die speel van ‘n instrument sal voorkeur geniet.
- Die ontwikkeling van ‘n familiebediening waar die totale gesin belangrik is.
- Die uitbou van jong volwasse omgeegroepe en jonger mense.
- Die ontwerp en implementering van volhoubare strukture waarbinne die jeugbediening kan plaasvind.
- Optimale kontak met skole in Bethlehem ten einde goeie verhoudinge, asook netwerke tussen die gemeente en skole te vestig en uit te brei.
- Gelegitimeerdes van die NG Kerk wat alle ampspligte sal nakom, soos omskryf in Artikel 9 van die Kerkorde as riglyn.
- Iemand wat verhoudings met lidmate kan bou.

Vergoeding:

- Onderhandelbaar, met die sinodale skaal as riglyn.
- ‘n Pastorie is beskikbaar (behuising kan bespreek word).

Diensaanvaarding:

- Vanaf 1 September 2020, of soos ooreengekom.

Aansoekproses: Belangstellendes moet asseblief die volgende inligting, elektronies voorsien:

- ‘n CV (nie langer as drie bladsye nie)
- Kontakbesonderhede van vier referente
- Motivering vir u aansoek vir die pos (halwe bladsy)
- ‘n Onlangse foto van uself/gesin/familiefoto
- ‘n Afskrif van u identiteitsdokument
- ‘n Psigometriese toets sal aangevra word (indien u reeds oor een beskik, voorsien dit asseblief)
- Navrae moet asseblief aan die Kerkkantoor gerig word, vir aandag: Voorsitter van Leiersgroep
  Alta Smit (Sakebestuurder) - 058 303 4583 (k/u Ma 10:30-13:00 en Di-Vry 08:00-13:00)
  Abraham van Heerden (Voorsitter) - 082 740 2404
  E-pos: skriba@ngkoos.co.za
  Adres: H/v Edeling- en Ludikstraat, Posbus 497, Bethlehem 9700

Sluitingsdatum vir aansoeke: Donderdag 12 Maart 2020

- ‘n Kandidaat moet tot ‘n onderhoud bereid wees, soos met hom/haar gereël.

Die Leiersgroep behou die reg voor om nie ‘n aanstelling te maak nie.